BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Vrydag, 8 Julie 1955. WINDHOEK Friday, 8th July, 1955. No. 1925.

INHOUD

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 212. Ordonnansies 1955: Uitvaardiging van . 700

CONTENTS

Page

GOVERNMENT NOTICE—

No. 212. Ordinances, 1955: Promulgation of . . 700

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 212.] [8 Julie 1955.

ORDONNANSIES, 1955: UITVAARDIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

No.	*Titel.*	*Bladsy.*
15.	Wysigingsordonnansie op die Voogdyfonds (Rente op Gelde van Minderjariges en Kranksinniges), 1955.	701
16.	Verdere Wysigingsordonnansie op Landnedersetting 1955.	701
17.	Wysigingsordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1955.	702
18.	Intrekkingsordonnansie op die Herverkoop van Munisipale Grond 1955.	702
19.	Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting 1955.	703
20.	Wysigingsordonnansie op Grondbewaring 1955.	704
21.	Omheinings Proklamatie Wysigingsordonnansie 1955.	705

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 212.] [8th July, 1955.

ORDINANCES, 1955: PROMULGATION OF.

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	*Title.*	*Page.*
15.	Guardian's Fund (Interest on Minors and Lunatics Moneys) Amendment Ordinance, 1955	701
16.	Land Settlement Further Amendment Ordinance, 1955.	701
17.	Mines, Works and Minerals Amendment Ordinance, 1955.	702
18.	Resale of Municipal Land Cancellation Ordinance, 1955.	702
19.	Income Tax Amendment Ordinance, 1955. .	703
20.	Soil Conservation Amendment Ordinance, 1955.	704
21.	Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1955.	705

No. 21 van 1955.]

ORDONNANSIE

Om die Omheinings Proklamatie, 1921, te wysig.

(Goedgekeur 23 Junie 1955.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *twee* van die Omheinings Proklamatie, 1921 (Proklamasie 57 van 1921), hierna die hoofproklamasie genoem, word hiermee gewysig deur die volgende woordbepaling aan die einde daarvan in te voeg:—

„Jakkalsproefomheining" beteken 'n omheining van staal- en ogiesdraad wat opgerig is op die grenslyn of so na daaraan soos moontlik tussen twee besittings en wat aan die volgende voorskrifte moet voldoen:—

(i) Trekpale moet hoogstens vyf-honderd tree van mekaar wees;

(ii) Middelpale moet van yster, hardehout of behandelde hout (met vier duim deursnit aan die dun kant) wees, en moet minstens twee voet diep ingeplant wees, tensy daar harde rots is wanneer 'n diepte van twaalf duim voldoende sal wees;

(iii) Twee, drie of vier sparre moet, na gelang die middelpale onderskeidelik tien, vyftien of twintig tree uitmekaar is, gebruik word;

(iv) Die sparre moet minstens een en 'n half duim dik wees aan die dun punt;

(v) Minstens drie staaldrade moet gebruik word om die ogiesdraad vas te hou, een bo, een in die middel en een onder;

(vi) Die ogiesdraad moet minstens vier voet breed wees, drie en 'n half voet regop met ses duim daarvan in die grond geplant of omgevou en met klippe vasgepak;

(vii) Bo die ogiesdraad moet twee staaldrade (of doringdraad) drie of vier duim van mekaar gespan word;

(viii) Die maas van die ogiesdraad moet drie of drie en 'n half duim wees."

2. Die volgende artikel word hiermee na artikel *vier-en-dertig* van die hoofproklamasie ingevoeg:—

„34 *bis*. Indien 'n eienaar van 'n besitting jakkalsproefomheining oprig sal hy geregtig wees om die onderste deel van die draad ses duim aan die kant van sy buurman om te vou en met klippe vas te pak en die materiaal wat vir die omvou en vaspak nodig is van sy buurman se grond te neem, en per voertuig te vervoer."

3. Hierdie Ordonnansie heet die Omheinings Proklamatie Wysigingsordonnansie, 1955.

No. 21 of 1955.]

ORDINANCE

To amend the Fencing Proclamation, 1921.

(Assented to 23rd June, 1955.
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *two* of the Fencing Proclamation, 1921 (Proclamation 57 of 1921), hereinafter called the principal Proclamation, is hereby amended by the insertion of the following definition at the end thereof:—

"jackalproof fence" means a fence of steel wire and wire netting erected on, or as near as possible to, the boundary between two holdings in accordance with the following directions—

(i) the straining posts to be no further than five hundred yards apart;

(ii) the standards to be of iron, hard-wood or treated wood (four inches in diameter at the thin end), planted at least two feet deep in the ground except when hard rock is encountered when a depth of twelve inches will be sufficient;

(iii) two, three or four droppers to be used according as the standards are respectively ten, fifteen or twenty yards apart;

(iv) the droppers to be at least one and a half inches thick at the thin end;

(v) at least three steel strands to be strung — one at the top, one in the middle and one at the bottom — to support the wire netting;

(vi) the width of the wire netting to be at least four feet — three and a half feet to be perpendicular and six inches buried underground or folded over and packed down with stones;

(vii) two strands of steel (or barbed) wire three or four inches apart to be strung above the wire netting;

(viii) the wire netting to be three or three and a half inches in mesh."

2. The following section is hereby inserted after section *thirty-four* of the principal Proclamation:—

"34 *bis*. If the owner of a holding erects jackalproof fencing he shall be entitled to fold the lower six inches of the fencing over on his neighbour's side and to pack it down with stones, to obtain the material needed for the folding over and packing down from his neighbour's land, and to convey such material by means of a vehicle."

3. This Ordinance shall be called the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1955.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek
Printed in South West Africa by